**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 05/04 2024

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Bedankings</u>:**
   - Die graad 10-Landboubestuurspraktyke leerders was bevoorreg om op 19 Maart 2024 die hele oggend op die plaas, "Zion", van mnr. en mev. Olivier te spandeer. Hulle het in 'n paar uur se tyd ongelooflik baie geleer. Ons waardeer die ondersteuning van die plaaslike gemeenskap opreg, want sonder julle sou die Landbouleerders werklik nie veel praktiese ervaring van boerdery kon opdoen nie.

2. **<u>Ouerdag: 10 April</u>:**
   Die ouerdag vir gr. 4- tot 12-leerders vind op Woensdag, 10 April, vanaf 15:00 tot 19:00 plaas. Ons wil elke ouer van 'n leerder wat in die Maart-toetsreeks nie na wense presteer het nie, uitnooi om 'n afspraak te maak. Ouers wat afsprake moet maak, het 'n skrywe saam met hul kind se rapport ontvang. Skakel mev. Daleen Strydom vir 'n afspraak. Afsprake sluit op Woensdag, 10 April, om 11:00. U is ook welkom om 'n e-pos na info@hsmclachlan.co.za te stuur.

3. **<u>Besoek: Dept. van Binnelandse Sake – 15 April 2024</u>:**
   Dept. van Binnelandse Sake is op Maandag, 15 April, vanaf 10:00 by die skool om leerders die geleentheid te gee om vir 'n ID aansoek te doen. **Leerders moet 16 jaar of ouer wees om aansoek te doen. 'n Ouer/Voog moet die leerder vergesel.**


   Bring asseblief die volgende dokumente saam:
   - Afskrif van leerder se geboortesertifikaat.
   - Afskrif ma se ID. Indien getroud, ook 'n afskrif van die pa se ID.
   - Indien 'n ouer oorlede is, moet u ook 'n afskrif van die doodsertifikaat saambring.
   - Indien u voogde is, word ID's, asook hofbevel, benodig.

4. **<u>Sport</u>:**

   - <u>Apple Sauer sportdag</u>:
     Vrydag, 5 April, en Saterdag, 6 April, hou ons 'n derbydag teen Hoërskool Paul Sauer. Rugby en netbal (vanaf 0/7 – 0/19) gaan deelneem aan die dag. Vrydag speel die laerskool en hoërskoolleerders tennis en skaak.

| | | |
|---|---|---|
| Bustye vir Saterdag: | Misgund: | 06:30 |
| | Louterwater: | 06:45 |
| | Krakeel: | 07:00 |

- <u>Kermis</u>:
  Saterdag,13 April, hou ons ‘n Kermis waar die laerskool gaan deelneem aan die dag. Rugby en netbal 0/7 – 0/13 gaan deelneem aan die dag.




C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell:  +27 (0) 64 650 9453


McLachlan Internet Fasiliteit